

**Dinsdag 22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:1-9**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:6**

**Volg die voorbeeld van Christus**

Waarom moet ek my alles gee daar waar ek elke dag werk? Waarom moet ek al my krag en gawes instoot in my boerdery wanneer die regering dit probeer van my af wegneem? Hoeveel van ons boere en besigheidseienaars is moedeloos oor werknemers wat nie hulle kant bring in hulle werk nie, is bang vir stakings, en arbeidsforums wat ons besighede bly bedreig? Waarom moet ek daar waar ek elke dag werk, moed hou en met 'n "goeie gesindheid" die daaglikse werk aanpak, al het ek 'n onregverdige werkgewer?

Ons teksvers sê ons werk nie met "oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen". Ons is so geneig om in die menslike aspek van ons arbeid vas te kyk dat ons dikwels vergeet dat die Here ons uitdruklik die opdrag gegee het om te werk. Of dit is om vir jou eie gesin te sorg of vir baie gesinne onder jou, die Here het jou 'n verpligting gegee, en in die manier hoe jy dit daagliks benader, gee die Here vir jou die opdrag waarin die wêreld Hom kan leer ken.

In die boek Efesiërs kry ons 'n baie prominente opdrag, en dit is: Jy moet die voorbeeld van Christus volg. Dit is by herhaling 'n opdrag om aan mekaar onderdanig te wees, om mekaar lief te hê en om Christus se voorbeeld te volg in alles wat ons elke dag doen; ons moet in liefde en gehoorsaamheid lewe, selfs daar waar ons werk.

Dit is nie 'n maklike opdrag nie, maar dis 'n geleentheid waar ons tussen mense en in ons omstandighede God kan verteenwoordig, en wanneer jy dit doen volgens sy wil en met die voorbeeld van Christus, kan jy vertrou dat Hy deur jou sal werk.

*Sing: Psalm 118-1:7, 8*

*Ds. E Vogt (Ernest) (Vaalwater)*